



DIE RUBRIEK

ARGIEF · SEIN · KONTINUÏTEIT

BEWYSSSTUKKE RB-01237 — 55

KLARINGSVLAK — OMEGA SWART

VIR KENNISNAME: UITVOERENDE HOOF ALLEENLIK

DIE KAFETERIA

RB-015

DIE KAFETERIA

*Die spoor na Seinpos 237 — 'n herwonne fragment uit
Sluip-Sluip — Die Duister is Uit.*

TK ROGUE

RB-015 · VRY OM TE VERSPREI

KETTING VERLORE

OMEGA SWART

OMEGA SWART

KLARINGSVLAK





DIE RUBRIEK

ARGIEF • SEIN • KONTINUÏTEIT

Bewysstukke RB-01237 – 55

LET WEL:

Sensitiewe bedryfsinligting en verwysing na sensitiewe handelsgeheime. Sien klassifikasie van inhoud.

ARGIEF

BESONDERHEDE VAN DOSSIER:

Samevatting van geskrewe notas, dagboekinskrywings, en dokumente in besit van subjek [KODENAAM ARGIVARIS].

PERSEEL VAN OORSPRONG:

[REDACTED], Sunnyside, Pretoria.

INVENTARIS:

Persoonlike Notaboeke, Verskeie Dagboeke 2000-2016, Verskeie Beperkte Dokumente [RB-OS127-132], vantevore as verlore gemerk.

VIR KENNISNAME:

Uitvoerende hoof, alleenlik. Op instruksie.

AFSKRIFTE:

Verbode.

LD du Randt

Argiefkontroleerder

Klaringsvlak - Omega | Swart

STRENG VERTROULIK
EN BEVOORREG



DIE RUBRIEK

ARGIEF • SEIN • KONTINUÏTEIT

Geagte mnr. Uys

STRENG VERTROULIK

EN BEVOORREG

NOTA VAN ARGIVERINGSBEAMPTTE: Bewysstukke RB-01237 - 55

Die volgende is 'n getroue, gekontroleerde verbatim-nota van [REDACTED]
KODENAAM: ARGIVARIS se persoonlike dagboek en opsommings van vertroulike
en bevoorregte materiaal wat uit sy boedel herwin is. Die materiaal is
streng volgens u instruksies hanteer.

Die materiaal het betrekking op Die Rubriek se bedrywighede en
uitvoerende personeel, Mevrou Amanda Uys, u gade en ingesweerde
raadslid, in die algemeen asook verwysings na die "Duistersig Projek" in
besonder.

Op u instruksie is die lêer en materiaal streng vertroulik hanteer.
Uiterste sorg is geneem om te verseker dat geen verdere afskrifte
bestaan nie.

Hiermee bevestig ek die volledige oorhandiging van die lêer, asook
betrokke materiaal. Let wel dat ek die materiaal ingevolge die
voorgeskrewe dokumentprotokol Omega hanteer het. Ek bevestig, soos
versoek, dat daar na my wete geen ander oë hierop was nie.

My voorgeskrewe beëdigde verklaring is aangeheg as Bylae C, soos vereis.

Met beste wense

Beampte: [REDACTED]

“Die Rubriek hou nie van los drade nie. Wat verlore gaan, word gemerk. Wat gemerk is, word herwin. Waar iets herwin word, is daar gevolg.”

– Die leuse van die Argiefbestuurder – Circa 1990.

ARGIEFNOTA:

Hierdie hoofstuk is een van daardie dinge: 'n Herwonne fragment uit Sluip-Sluip — Die Duister is Uit.

Die inligting is teruggevind, op lêer geplaas, en weer aan die lig gebring.

Die verhaal van Kodenaam Argivaris. En die spoor wat lei na Seinpos 237.

Hierdie ontwikkelende hoofstuk vorm deel van Sluip-Sluip — Die Duister is Uit.

TK ROGUE

Maandag, 29 Februarie 2016

PERSOONLIKE
DAGBOEKINSKRYWING VAN

[REDACTED]

Ek is nie 'n man wat graag skryf nie. Beslis oor hierdie onderwerp nie. Maar daar's helderheid wat kom uit woorde op papier. Daarom hierdie opsomming. My storie... soos hulle sê. Seker in nog 'n hopelose poging om my eie varkies op hok te hou.

Waar om te begin?

Wel, ek is eintlik 'n normale vent. Eens op 'n tyd was ek verlief. Ek was jonk. So hoopvol, maar daardie jare het stadig verslaan. Soos stowwerige Vrystaatreën oor 'n motor se plaat. Wat oorbly is hartseer bruin-rooi strepe oor gepoetste metaal.

Strepe van die verlede.

Hale oor die siel.

Dis moeilik genoeg om met gewone verlies te deel. Maar 'n verlies wat in leuens bekleed en vuilspel bedek is. Dis moeiliker om so 'n hoofstuk af te sluit. 'n Gesteelde hoofstuk – een wat stadig verbrand in die nadraai van Die Rubriek se onderduimshede.

Kom ek sê maar wat ek dink – wat ek glo.

Ek glo hulle het haar vermoor.

Of iewers stil gemaak.

Haar naam was Amanda [REDACTED].

Sy's al jare vermis – spoorloos verdwyn. Niemand glo my daaroor nie, maar dit is waar. Dis al wat sin maak. Mens vergeet nooit jou hartsverlange nie. Sy was dit vir my... destyds... soveel jare gelede.

Ek sou weet as iets met haar gebeur het.

Ek het haar in die laat negentigs in Die Rubriek ontmoet. By hoofkantoor se kafeteria. By die toring in Pretoria. By die eetsaaltjie op verdieping vier.

Ek was daar in die einde van die negentigs. Op pad na die Millennium Bug en die dreigende Y2K.

Die eetsaaltjie was destyds niks besonders nie; gewone effens plakkerige ou kantoorkafeteria.

Mens vergeet moeilik sulke lelike plastiektafeltjies en viniel tafeldoeke. Daardie spyskaarte teen die muur. Pryse in bordkruit gekrap. Die halfkoue verfstroopfilterkoffie, of Instant teen R3.50 per styrofoam-koppie. Die Sasko Sam-broodjies met ham-en-kaas. Gaskoeldranke. Slap tjips, 'n verdwaalde slaai of twee, en, natuurlik, die ewige reuk van kookolie.

Dit was 'n praktiese tyd soos hulle sou sê. Die Rubriek het nog altyd 'n verdwaalde hunkering na 'n staatskantoor se atmosfeer gehandhaaf. Later is dinge meer elegant gemaak; 'n heldhaftige poging tot vernuwning van die handelsmerk. Dit was iewers in die jare tweeduisend.

Die Kafeteria, soos ek gehoor het, is blykbaar later ook deftiger gemaak; maar destyds ... sjoe, dit was soos 'n opdrifsel van die laat tagtigerjare. Funksie bo vorm, was – dit is – die heersende benadering; wat miskien baie sê oor die aard van daardie gewraakte instelling.

Ons was vars in die nadraai van Suid-Afrika se politieke oorgang. Soos baie instellings was Die Rubriek besig om buig-of-bars in sy nuwe baadjie in te groei. Ek was as argivaris aangestel; een van 'n span. Elk in ons eie hoekie in die stof van verdieping minus drie – Die Rubriek se dokumentstoor. Dit was tussen daardie tafeltjies in die kafeteria. In die warboel van 'n besige middagetes, tussen die beknopte sitplekke, wat ek Amanda die eerste keer gesien het.

'n Meisie, baie sag op die oë, ook in haar vroeë twintigs. Met die ongelooflikste glashelder blou oë. Die oë wat my al dekades rondjaag.

Ek was skaars 'n jaar in die afdeling, voordat hulle my bloots in die pad gestee het. Ek was 'n naïewe jong man. Self skaars drie-en-twintig. Soveel hoop... soveel vertroue... Ek het later geleer, Die Rubriek se ongenaakbare optrede ontsien niemand nie. Maar niks het my op hul stoomroller voorberei nie.

Ek het eers later besef ek moes eerder in my spore getrap het. Op my laaste dag, met my goedjies in 'n printerboksie, het ek nog gehoop om Amanda vir 'n laaste keer te sien. Dit was nie moontlik nie. Personeeldienste is vinnig om jou toegang te blok en die sekuriteit help jou vinnig by die deur uit. Ek het haar nooit weer gesien nie. Ek glo nou ek is in die pad gestee omdat ek te veel vroeë gevra het.

Daarna het my dwaaljare begin in die nadraai van my "konstruktiewe afdanking."

Miskien sou ek 'n gewone liefdesteleurstelling oorleef het, maar hoe sluit ek die boek af waar ek glo dat iemand gewelddadig uit my lewe gesteel is? Want dit is wat ek dink gebeur het.

Ek dink sy is ontvoer.

Ek glo sy is later vermoor.

Dit was 'n blindheid van verliefdheid.

By ons laaste middagete saam was my gedagtes gevange in die dansie. Die ou dansie, moet ek haar hand vat, of nie...

Ek het nie besef dat iets donker besig was om in die agtergrond af te speel nie.

Haar 'hanteerders' – hoe ek deesdae aan hulle dink – het ons altyd op een of ander manier uitmekaar gehou. Ek besef ook dat sy my dalk bloot vir 'n gek gehou het. Waarom anders sou sy so min oor haar lewe buite die Rubriek gedeel het?

Dalk wou sy net bietjie aandag hê.

Bietjie afleiding.

Dalk was daar gevoelens vir my...

Dalk was ek net gebruik vir iets – inligting, oë op kollegas.

Dis wat so blerrie frustrerend is: ek sal nooit weet nie.

En Amanda [REDACTED] is net skoonveld.

Dis waarom ek so lank al hierdie spoke jaag. Die spook van die meisie wat spoorloos uit my lewe verdwyn het. Sy was my hoop vir liefde ja, maar, selfs al is ek gebruik, selfs al het sy my stil-stil in my moer gestuur; ek wil net weet dat sy okay is.

Is dit dan te veel gevra?

Iets moes met haar gebeur het want daardie plek het haar stadig verander. Asof hulle haar geleidelik dieper en dieper in iets duister ingetrek het.

Ek kon dit sien gebeur oor daardie maande. Eers was sy 'n skertsende jeans en punk rock-meisie, maar sy het stadig verander. Hulle het haar verander. Die las op haar skouers het net swaarder en swaarder geword. Op die ou end was sy ook net 'n spieëlbeeld van die uitvoerende vloer. Snyerspakkies en korporatiewe sieraad. Die welbekende administratiewe stem van daardie gemene kabaal het stadig uit haar lippe posgevat.

Daar was een of ander vertroulike programme waaraan sy deelgeneem het. Iets oor "Duistersien", of "Duistersig," 'n woord wat sy per ongeluk uitgeblaker het. Sy't my byna met die dood gedreig om daaroor stil te bly.

Iets onderduims was destyds aan die gang. Daardie program is 'n spilpunt van hierdie hele affêre. Na al hierdie jare sien ek duidelik dat Die Rubriek besig is met gevaarlike dinge, maar niemand glo my nie...

Ek het al soveel spore nagejaag, maar geen onraad wil aan hulle kleef nie. Alle leidrade loop dood.

Die Rubriek se vermoë om realiteit te vervorm is byna bonatuurlik. Hoe dieper ek in hulle besigheid gegrawe het, hoe meer het allerlei hindernisse en probleempies my pad gekruis. Iewers moes 'n onskuldige vragie of twee op die verkeerde lessenaar beland het.

Dalk het hulle reeds 'n dossier oor my. Wie weet? Dit sal die hel wat ek beleef kan verduidelik.

Wel, ek was, ek is seker nog verlief – damnit! Ek wou net weet waarom Amanda my nie 'n kans wou gee. Ek wou haar net weer sien, buite die mure van daardie plek. Ek kon haar nêrens opspoor nie. Dit was asof sy skielik nie eens bestaan het nie – daarom moes ek verder grawe. Dit was 'n groter fout as in my twintigs. By my aflegging was my vragies onskuldig, nou't ek met rede in hulle sake gekrap.

'n Aflegging is 'n moeilike ding om van te herstel, maar dit is die minste. Wat erger is, is as 'n onsigbare kabaal alewig met jou kop begin smokkel. Glo my, hulle het heelwat pyle in die koker.

Hul manier om stertjies by stories te las. Om feite te herskryf. Die manier wat inligting op alle ondenkbare plekke verlore gaan. Die manier wat vertrouelingte teen jou draai. Orals leef hul giftige verskuilde invloed. Soos 'n giftige slang net buite jou sig.

Die ergste is die twyfel wat stadig in jou eie gedagtes posvat. Die twyfel in jou eie realiteit. Dis alles die vingerafdrukke van die gewraakte toring in Pretoria.

My laaste dekade en 'n half was hel om die minste te sê.

Die gevoel van hulpeloosheid is die ergste. Met wie sal jy praat? Met wie kan jy praat?

Die pers?

Hulle is die fokken pers. Hulle besit die media.

Ek was die een wat haar as vermis aangemeld het by die polisie. Soos ek sê, ek was naïef – geglo hulle sou help.

Hulle was aanvanklik wel behulpsaam. Die plaaslike kantoor het my aanvanklike vermistepersoonsverklaring afgeneem. Ek onthou dit goed. 'n Saaklêer. Omtrent twee ure se deeglike notas wat geneem is.

Nou's daar geen spoor daarvan nie – die saak gesluit – en ek... op terme geplaas.

Aanvanklik is daar hard na haar gesoek. Sersant van der Merwe het sy werk gedoen. Hy't rondgebel. Naasbestaandes nagespoor. Ek was hoopvol, maar soos die tyd verloop het moes die Rubriek sy koue by die saak ingeslaan het. Die polisie se houding het later teen my gedraai. Hulle ontken nou bloot dat sy ooit werklik vermis was. En ek word gesien as 'n onstabiele laspos.

Terselfdertyd het ek natuurlik die Rubriek se personeelsafdeling genader. Die verloop was dieselfde. Die personeeltannies was aanvanklik gaaf, maar hulle het later ook bot geraak. Ná 'n ruk het niemand by Die Rubriek my boodskappe beantwoord of erken nie. Talle opvolgende fakse, briewe, e-posse – daarop is nooit gereageer nie.

'n Jong nuwe kaptein by die polisiekantoor het my so paar jaar gelede uit die bloute gebel, toe ek in kennis gestel is dat die ondersoek nou finaal gesluit is.

“Goeie nuus!” het hy aangevoer (met 'n tikkie sarkasme in die stem): “Die jong dame, mej. Amanda [REDACTED] is nou woonagtig in die buiteland.” “Nee! Dit is nie waar nie,” het ek amper geskree. Die feite het net nooit geklop nie. Ek het hom vinnig en saaklik weer op gapings in hul ondersoek gewys.

SUID-AFRIKAANSE POLISIEDIENS

VERMISTE PERSOON — AANMELDING

SAPD 55(A)

KLAER SE AFSKRIF

SAAKNOMMER
CASE NUMBER

CAS 214/12/1999

POLISIESTASIE
POLICE STATION

SUNNYSIDE

DATUM AANGEMELD
DATE REPORTED

09-12-1999

TYD
TIME

07:37

VAN
SURNAMEVOORNAME
FIRST NAMES

AMANDA

OUDERDOM GESLAG
AGE SEX

23

V

LENGTE HARE OË
HEIGHT HAIR EYES

1,68 m SWART BLOU

LAAS GESIEN — DATUM EN PLEK
LAST SEEN — DATE AND PLACE

07-12-1999

, PRETORIA

KLERE
CLOTHINGMERKE OF LITTEKENS
MARKS OR SCARS

GEEN

NAAM VAN KLAER
NAME OF COMPLAINANTVERWANTSAP MET VERMISTE PERSOON
RELATIONSHIP TO MISSING PERSON

VRIEND

BYKOMENDE INLIGTING
ADDITIONAL INFORMATION

Sy het nie by die werk opgedaag nie. Niemand by
haar werk wil met my praat nie. Sy sou my Dinsdag
gebel het. Sy sal nie sommer net weggaan nie.

AMPTELIKE GEBRUIK
OFFICIAL USE

ONDERSOEKBEAMPTTE

SERS. VAN DER MERWE

ARGIEF

DIE RUBRIEK

09/12/99

DATUM

HANDTEKENING VAN KLAER
BEWYSSTUK RB-01241

UIT LÊER RB-01237 • STUK 5 VAN 19

INNAME BS-2016/03 • SUNNYSIDE • OMEGA SWART

Daarna het dreigemente op verskeie fronte begin. Eers by die polisie. Kaptein Jansen het finaal gesê. “Die saak is nou afgehandel, meneer.” Sy woorde het effens dieper geraak, sy stem gevaarliker. Dit was vreemd en buite sy professionele karakter, “Moenie dat jou persoonlike verknogtheid op hierdie dametjie jou oordeel verder belemmer nie.”

Woede het stadig in my opgekook, maar ek moes myself beteuel. Daarna het hy die mes gedraai; die boodskap is hard en duidelik beklemtoon: “Om verder polisiehulpbronne op nodelose opvolgwerk en sinnelose aantygings teen Die Rubriek te verkwis is nie wys nie, meneer... Ons kan jou aankla vir dwarsboming van die gereg meneer.”

Die Rubriek se antwoord was volgende. Ná etlike jare en verskeie versoeke om inligting het die Rubriek geantwoord.

DIE RUBRIEK · PERSONEELDIENTE

Geagte Mnr. [REDACTED]

U navraag oor ons voormalige personeellid Amanda
[REDACTED] is met die nodige sorg nagegaan.

Ons bevestig hiermee dat mejuffrou [REDACTED] nie langer
in diens van die Rubriek is nie.

Ons kan bevestig dat haar naasbestaandes ons in kennis
gestel het dat sy tans in die buiteland woonagtig is.

Sy het uitdruklik versoek dat haar besonderhede nie met u
gedeel moet word nie.

Daar is dus geen rede om uself verder oor haar welstand -
die klaarblyklike rede vir u skrywe - te bekommer nie.

Aangesien ons nie toestemming het om haar persoonlike
besonderhede of dié van haar naasbestaandes met u te deel
nie, kan ons regtens nie tot u versoek om daardie
inligting instem nie.

Ons beskou nou hiermee die navraag as afgehandel en
versoek dat u ons nie met verdere navrae sal nader nie.

Die uwe [REDACTED]

Personeeldienste

Uiteraard – dit was tot my nadeel – het ek Die Rubriek en hul brief in
hul moer gestuur. Ek het hardkoppig aangedring op 'n antwoord oor
haar en haar huidige kontakbesonderhede. Daarop was die

opvolgende brief minder hoflik. Die groot kanonne by hul regsdienste is betrek.

’n Prokureursbrief van niemand anders as Vermaak & Vennote het in my posbus gewag. Die kruks daarvan:

VERMAAK EN VENNOTE · PROKUREURS

Ons raai u aan om u navraagdoening en nasporing van Amanda [REDACTED] nou met onmiddellike effek te staak. Andersins sal ons kliënt Die Rubriek genoodsaak wees om regstappe wat ’n beperkingsbevel mag insluit, teen u te bekom.

Die brief was geteken deur mnr Vermaak homself. My skrywes het klaarblyklik die nodige aandag getrek, maar dit het geen antwoord opgelewer nie – net meer kole oor die hoof.

So was my formele opsies uitgeput. Ek sou voortaan minder formele roetes moes volg. Dit was ook wat ek gedoen het; waarmee ek tot dusver besig was.

Vir jare het ek oor en oor my notas nagegaan. Stukkies van die legkaart. Lyne wat getrek kan word. Alles was ’n doodloopstraat... tot twee weke gelede. Ná my besoek aan Calvinia. ’n Enkele leidraad het die lig gesien: ’n besope oubaas se verwysing na ’n streng vertroulike Rubriekfasiliteit, blykbaar net buite Pelindaba.

Die plek word “Seinpos 237” genoem – die volgende bestemming van my soektog.

VERMAAK & VENNOTE

PROKUREURS · NOTARISSE · AKTEVERVAARDIGERS
PRETORIA

SEDERT 1968

REGSADVIES
KONTRAKTE
EIENDOMSREG
BODELS
NOTARIËLE DIENSTE

Ons verw. JAV/mvw/R-1127
U verw. —
Datum 14 Maart 2003

Per aangetekende pos

Mnr. [REDACTED]
[PERSEELBESONDERHEDE VERWYDER]
SUNNYSIDE, PRETORIA

Geagte Meneer

AANGELEENTHEID: DIE RUBRIEK // NAVRAE AANGAANDE MEJ. A. [REDACTED]

1. Ons tree op namens ons kliënt, Die Rubriek, en hou instruksies van hulle.
2. Dit is ons instruksies dat u oor 'n uitgerekte tydperk herhaaldelik met ons kliënt in verbinding getree het aangaande 'n voormalige personeellid, en dat ons kliënt u navrae reeds volledig beantwoord het.
3. Ons raai u aan om u navraagdoening en nasporing van Amanda [REDACTED] nou met onmiddellike effek te staak. Andersins sal ons kliënt Die Rubriek genoodsaak wees om regstappe wat 'n beperkingsbevel mag insluit, teen u te bekom.
4. U word daarop gewys dat sodanige stappe met 'n kostebevel teen u gepaard mag gaan, op die prokureur-en-kliënt-skaal.
5. Alle regte van ons kliënt word uitdruklik voorbehou.

Die uwe
VERMAAK EN VENNOTE ING.



per: J A VERMAAK

Calvinia

Dit was 'n reis na Calvinia waar die volgende leidraad losgeslaan is. Daar het ek Oom Jakkie Lamprecht [NOTA: PERSONEELNOMMER BYGEVOEG: RB-73-041-127] raakgedrink. By die Hotel se kroeg. Die man, nogal lief vir 'n Hanepootjie en sy skaak.

Daar's baie wat ek teen die Rubriek hou, maar ek kan hom darem een pluimpie gee. Enigiemand wat met die instelling paaie gekruis het, is meer as gemotiveerd om hul jare in die vagevuur te betreur.

Oom Jakkie was geen uitsondering nie. Ons 'toevallige ontmoeting' was fyn beplan. Inligting oor ou Rubriekpersoneel is moeilik bekombaar, maar, Die Rubriek is 'n gelykmatige stoomroller van loopbane. Dit was nadat ek op 'n ontnugterde glibberige HR-beampte, noem hom "Jamie", afgekom het, dat dit skielik makliker geraak het om inligting oor vorige Rubriekslagoffers op te spoor.

Dis gewoonlik die slagoffers, die manne met 'n byltjie om te slyp, wat graag gesels. Oom Jakkie was een van hulle. Soos die meeste oud-werknemers van Die Rubriek, was sekere onderwerpe taboe. "My bek is steeds gemuilband oor sekere dinge, seun. Jy weet mos..." "Mmh, Vermaak-hulle se gevreesde NDAs," het ek droog geantwoord. Oom Jakkie het net sy kop geknik.

Daarna het hy lekker gesels oor sy jare daar. Die Rubriek in die tagtigerjare. Twee glase Hanepoot later – Oom Jakkie se tong het nog losser geraak.

Dis waar hy iets laat val het. Iets oor sy maande naby Pelindaba.

"Pelindaba – wat het dan daar gebeur, Oom?" het ek gevra. "Sommer net 'n bouprojek seun. Senders en toerusting as ek reg onthou. Een of ander fasiliteit. Meer kan ek nie sê nie; netnou droog

my pensioentjekkies op.” Die spanning in sy skouers het boekdele gespreek. Pelindaba, ’n rokie agter die vuurtjie.

“Asseblief Oom, ons albei weet waarmee hierdie mense besig is. As ek net kan gaan kyk. Miskien herken ek iets. Miskien sien ek iemand daar. Ek soek haar al soveel jare.”

“Daardie plek is deesdae leeg sover as wat ek weet, seun. Buitendien, om by sulke plekke rond te speel is gevaarlik. Trust me. Die Rubriek hou ’n oog op hierdie soort goed.”

“Ek wil net gaan kyk, Oom.” My oë moes seker gesmeek het.

In stilte het die Oom na die kroegman gewink, “Net ’n stukkie papier en ’n pen, asseblief.”

Stadig het hy begin teken. Agterop ’n stukkie van die kroeg se kwitansiestrokies. Stadig het ’n kaart op die papier gevorm. ’n Kaart na “Seinpos 237”. My bestemming, gemerk met pen op papier. “Dis wat ek weet, seun... Jy’t dit nie by my gekry nie... Ons het nooit gesels nie hoor...”

’n Stukkie papier voor my, ’n deeglike leidraad.

Is dit die plek waar die spesiale projekte gehuisves is? Iewers naby Pelindaba? het ek gewonder.

Amanda het dan en wan dagtrippies soontoe geneem. Sy’t gesê sy gaan na Die Rubriek se opleidingsentrum naby Hartbeespoortdam. Sy’t nooit iets oor ’n Seinpos gesê nie. Ek weet van die “Bosberaad”, maar nie van enige ander fasiliteite in die omgewing nie.


Miskien kan ek daar gaan rondhang. Gaan sien of ek iemand kan herken wat iets sal weet.

VERWYDERINGSTROKIE

HIERDIE STUK IS UIT DIE LÊER VERWYDER

BEWYSSTUK	RB-01245
UIT LÊER	RB-01237 · STUK 9 VAN 19
VERWYDER OP	14-03-2016
GEMAGTIG DEUR	
REDE	NIE AANGETEKEN NIE
AFSKRIFTE	VERBODE

DIE INHOUD VAN HIERDIE STUK WORD NIE HIER AANGETEKEN NIE.
NAVRAE: BEHEERKANTOOR · KLARINGSVLAK OMEGA SWART





DIE RUBRIEK

ARGIEF • SEIN • KONTINUÏTEIT

Bewysstuk RB-01247


Uit lêer RB-01237 • Stuk 37 van 55

INNAME BS-2016/03 • SUNNYSIDE • OMEGA SWART

STRENG VERTROULIK

SP. BEYCORREO





Kom ek sê wat ek dink.
Wat ek glo.
Ek glo hulle het haar vermoor.
Of iewers stil gemaak.

Haar naam was Amanda [UITGEBLOK].

BEWYSSTUK RB-01243
UIT LÊER RB-01237 · STUK 7 VAN 19
INNAME BS-2016/03 · SUNNYSIDE · OMEGA SWART
KAFETERIA, VERDIEPING VIER · GESIG UITGEBLOK



BEWYSSTUK RB-01251

UIT LÊER RB-01237 · STUK 15 VAN 19

INNAME IA-2016/03 · INTERNE ARGIEF · OMEGA SWART

TOEGANG HERSIEN 04-11-1999 · GESIG NIE UITGEBLOK NIE

Ons “verhouding”

Ons verhouding was eintlik net by die werk. Tussen die dagtake. Die rakke en papiere. Middagetes. Maar nie ’n gewone kantoorromance nie. Dis eintlik merendeels die dinge rondom hierdie doodgebore liefde wat hier belangrik is.

My eerste paar maande in die Rubriek was eensaam. Deels weens my pos, deels weens my persoonlikheid. “Skugter en teruggetrokke, maar begaafd” was die opsomming op my laerskoolrapport. Mens vind darem later jou voete, maar argivariswerk verwyder jou van die normale gang van dinge in die Rubriek. Die kelder was nie werklik aangenaam vir besoekers (of selfs vir arbeiders) nie.

Ja, ek was in my 20s. Ja, ek was stomverlief op die meisie. Daarby nog lekker dom en onervare ook. Ek was blind vir die groter storie rondom Amanda.

Daar is dinge wat mens altyd sal bybly. Dis seker anders vir almal. Jou eerste smoke. Jou eerste soen. Jou eerste afjak. Die dolk van verlies. Vriende se verraad. Dalk eenvoudiger dinge... soos die prentjie van die son wat verbete deur tintglas beur vir ’n plekkie op die Rubriek se kafeteriatafeltjies.

Sy was betrek by dinge – ’n vreemde projek.

Waarom sou ’n meisie in haar twintigs so met lyfwagte op kantoor begelei moes word? Hoe gebeur dit dat sy so skielik en vinnig toegang tot die uitvoerende vlak bekom het? By hulle sensitiewe projekte betrek is?

Wat was die sogenaamde “sending” waaraan sy gewerk het? Die meisie is ’n reuseraaisel, het ek vinnig besef. Daar’s dele van haar hart, van haar verlede wat geen mens ooit sou binnedring nie.

Soos die ding tussen ons gegroei het, so het sy my soms vertel van haar hoërskooljare. Sy was op skool by 'n gewone Pretoriase hoërskool. Haar gesinslewe was skynbaar niks van die aard nie. Ek is deesdae nie seker wat van haar storie werklik waar is nie. Sy was goed om sekere dinge terug te hou, maar die woede, die pyn, dit kon sy nie werklik verbloem nie.

Soms het haar masker effens geval. Iets donker het agter die blou van haar oë gewys. 'n Onderdrukte hartseer. 'n Effense flikker van vuur van woede. Dan weer 'n sagtheid in haar gesig.

Waar ek nou hieraan terugdink glo ek, ek was juis aangestel omdat die papierdiere, soos ons genoem is, nie veronderstel is golwe te maak nie.

Dit was die jare ná die oorgang. Die politiek het verander. Leiers het sitplekke opgegee en ander het sitplekke ingeneem. Die land het verander, maar die Rubriek het in wese dieselfde gebly. Die werk was dieselfde. Die instelling dieselfde. "Argief. Sein. Kontinuïteit" die ongesproke leuse in ons almal se agterkoppe. Maar beheer die storie, beheer die uitkoms – dít was die een wat niemand op 'n muur gesit het nie.

Middagete was my lafenis. My plekkie in die stiller hoekies van die kafeteria. Ek het gereeld van die alledaagse papierwerk oor middagete afgehandel. Dit was 1999, ek was 23. Jonk en pas klaar gestudeer. Besig om voete te vind deur die kronkels en draaie van die hoofstad. In die jare van die angs van verandering.

Die beeld van Amanda met my eerste oogopslag, daardie eerste dag in die kafeteria. Sy was so jonk, so prentjie mooi. Raafswart hare. Haar glashelder blou oë. Altyd onder begeleiding van die Spesiale Projektafdeling. Hulle het voorgegee dat sy 'n persoon van spesiale belang

was. Daarom was die lyfwagte nodig – of so is ons vertel. Sy't nooit daaroor gepraat nie. En ons almal moes die NDAs teken; sy seker ook. Later het ek gewonder of die wagte daar was as haar beskermhere of as korporatiewe toesighouers.

Buiten die uitvoerende spanlede was Amanda een van die min wat so opgepas is.

Mens aanvaar baie dinge sommerso wanneer jy nuut is by 'n plek. Veral wanneer jy jonk is. Dié vasgestelde maniere van ervare organisasies, maak nie saak hoe vreemd nie, dra gewig.

Dis mos Die Rubriek. Invloedryk... betroubaar... weet mos wat hulle doen. In elk geval, as 'n jong ou van 23 was my fokus nie op sulke tegniese besonderhede nie. Ek wou my voete vind in my nuwe pos. En op my ander afleiding – oftewel, Amanda, haar perfekte lyf. Haar oë. En haar ernstiger glimlaggie wat my asem beroof het.

Sy het Dinsdae en Donderdae een of ander vasgestelde afspraak gehad. 'n Roetine. Eers middagete – gewoonlik die hoenderslaai of groente en vis – 14:00-afspraak iewers in die uitvoerende vleuel van die Rubriek.

Nou ja, elke Dinsdag en Donderdag, ek het gesorg dat ek 'toevallig' om 12:30 my plekkie in die kafeteria ingeneem het. Ek het gewag vir haar en haar geselskap. Die wagte het gewoonlik 'n paar tafels verder gaan sit. Hulle was duidelik onder instruksie om nie oorbetrokke te raak nie. Amanda het gewoonlik alleen geëet.

Ons het nou en dan skaam-skaam na mekaar geloer. Iets in haar oë het nie by haar ouderdom gepas nie. Haar glimlag – vriendelik, professioneel, jonk, maar effens terughoudend. Tog was haar skoonheid erg intimiderend. Ek wou gaan hallo sê, maar om eerlik te wees, my moed het my begewe.

Sy het die eerste skuif gemaak. Ek was besig om af te kyk. Daardie manier wat 'n jong ou voorgee dat die meisie van sy drome nie regtig haarself net 'n paar tafels verder in dieselfde eetsaal bevind nie. "Askuus tog, het jy vir my 'n pen ... ou papiertier."

'n Skertsende stem uit die bloute – effens ondeund. "My pen is droog, anders as joune, of hoe?" Sy staan langs my tafel en kyk na my. Die son vang haar blou oë effens. Tikkie Jasmyn in die lug by my. Vlinders tref my; ek verstik amper aan my tamatie-en-kaas. Sy wys met haar ou BIC pen en swart naels na my notas. Sy glimlag – beduie na die ekstra pen langs my inventarislys en slordige papiere.

Ek hap na my woorde.

"Toemaar," sê sy, "ek sit net daar, ek leen gou hierdie een. En bring dit nou terug." Sy wys na haar tafel. My woorde het iewers tussen Kerkplein en die snelweg agtergebly. Sy tel bloot die pen op ... draai na haar tafel... kyk weer na my, sê "... of kom sit sommer by my. Ek's Amanda, terloops. Bring koffie, twee suiker, bietjie melk, as jy nie omgee nie."

"Ek's [REDACTED]" kom my woorde uiteindelik, skaapagtig, "my naam" bedoel ek. Sy giggel effens. Stap na haar tafel met my pen wat tik tik tik op haar been.

Dit was ons eerste ontmoeting in Die Rubriek se kafeteria. Ek het by haar aangesluit. Die koffie gevat soos sy dit gevra het.

Amanda, die pragtige meisie van ystere wil. Klein van postuur. Ysblou oë waarmee sy enige kamer kon betower. Haar manier met woorde: bekorend. Sy was gemaklik tuis in enige plek.

Sy het gereeld die bekkige kollegas op hul plek gesit tydens die tipiese kantoorgeskertserij oor middagetes. Sy was baie meer tuis as ek. Sy't belangrike sessies bygewoon – selfs met die uitvoerende raad.

Sy't nooit 'n woord daaroor gepraat nie. "My werk is vertroulik en beperk" het sy bloot verduidelik.

Wat ook al die aard van ons romanse was dit was net tot die gebou beperk.

Ons gereelde kuiers het in die kafeteria begin – 'n betowerende paar maande. Ons het 'n enkele passievolle oomblik gedeel. Dit was 'n Woensdag ná werk. 'n Enkele vinnige soen op die trappe tussen verdieping twee en drie. Ek onthou daardie middag; die blou van haar oë. Die reuk van Jasmynparfuum. Haar raafswart hare tussen my vingers... haar lippe, uiteindelik, teen myne.

Sy't die wagte omseil. Hulle het oomblikke later die deur by die trappe oopgeruk. My op en af bekyk en behoorlik aangegluur. "Kom mejuffrou, u volgende vergadering wag," die een wag het Amanda aan die arm by die deur uitgelei terwyl die tweede hardebaardwag met 'n stewige hand op my skouer my teen die muur gehou het.

"Verskoning meneer" het hy gesê "ons taak is om mejuffrou [REDACTED] se veiligheid te verseker, die organisasie se belange te beskerm. Sy werk aan uiters sensitiewe projekte. Ons kan nie kanse vat nie."

"Soos u weet," gaan hy verder, "die Rubriek se gedragskode verbied intieme verhoudings tussen kollegas sonder uitdruklike blootlegging en personeelbestuur se goedkeuring. U is nou reeds teenstrydig met die kode... ek en my kollega sal stilbly, solank u van nou af u afstand hou. Sodra haar projek afgehandel is, kan julle die saak verder neem, sou julle so besluit."

Daarna was dinge nooit weer dieselfde nie. Amanda, goed in haar taak, het verder die range geklim. En ek moes afstand hou. Al hoe meer het die oulike meisie in jeans en T-hemde verander na 'n

spieëlbeeld van die uitvoerende span. Die denims is geruil vir snyerspakkies. Haar grimering en gelaat het ernstiger geraak. Ons tyd etes saam het ook opgedroog.

“Ek is mal oor jou Amanda” uiteindelik het ek die woorde saggies uitgeblaker. Ek het haar in die gange voorgekeur. Dit was in die week voor haar verdwyning. Ek wou weet, “kan daar iets tussen ons wees?” my hartsvraag – desperate woorde; uitgelap oor die vloer kort voor die kafeteria se ingang.

“Ou papiertier,” het sy stadig geantwoord. “Daar kan nie nou iets wees nie – ek moet fokus op die werk. My sending voltooi oor ’n maand. Dan kan ons movies toe gaan, kyk hoe dit gaan.” Dit was seer op die ego. Ek het haar daarna vermy om oor die hou te kom.

Ongelukkig was dit ook ons laaste gesprek. Paar dae later, en sy was skoonveld. Daar het my soektog, my jarelange obsessie, begin.

Die ding van ’n obsessie is, dit dryf jou om ’n fantastiese navorser te word. So het ek ’n spesialis geraak oor die Rubriek se doen en late. Van ’n Papiertier tot ’n artefak- en dokumentjagter van Die Rubriek se smerige geskiedenis. Dit, en ’n goeie kroegmaat vir enigiemand wat iets van die Rubriek te wete was.

Volgende week begin my soektog na Seinpos
237...

[EINDE VAN DAGBOEKINSKRYWING - BEWYSSTUK RB-01237]

[Einde van die hoofstuk.]



BEWYSSTUK RB-01249
UIT LÊER RB-01237 · STUK 13 VAN 19
INNAME BS-2016/03 · SUNNYSIDE · OMEGA SWART
GEEN AANTEKENING VAN TOEGANG · GEEN AFSCRIFTE

DIE STUK

Die Kafeteria — geliasseer as Bewysstuk RB-01237, die persoonlike dagboekinskrywing van Kodenaam Argivaris, 29 Februarie 2016.
Gepubliseer 6 September 2026. Deel van *Sluip-Sluip — Die Duister is Uit*.

BEWYSSTUKKE

Omslag — lêernotas RB-01237 · Dekbrief aan die Uitvoerende Hoof ·
Bewysstuk RB-01247, die kaart na Seinpos 237 · Kafeteria, verdieping vier, 1999.

LEES VERDER

Hierdie hoofstuk is een lêer uit een boek. Die res van die reeks:

Die volledige dossier amazon.com/dp/B0FQ25RJ41
Argieftoegang tkrogue.com
Die Bewyskamer tkrogue.gumroad.com
Seinversending tkrogue.substack.com



SEINVERSENDING · [TKROGUE.SUBSTACK.COM](https://tkrogue.substack.com)

VRY OM TE VERSPREI

Hierdie is 'n **duplikaat**. Die lêer sê *Geen Afskrifte*; hierdie een is buite die argief. Stuur dit aan, laai dit op, druk dit uit — die toestemming staan hier, jy hoef nie te vra nie. Los net die kolofon soos hy is.

© TK ROGUE · DIE RUBRIEKARGIEF

AFRIKAANSE SCI-FI NOIR

VRY OM TE DEEL — NIE OM TE VERKOOP NIE